Downloaded from testpapers.co.za

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# VOORBEREIDENDE EKSAMEN

# 2022

**10792**

**GESKIEDENIS**

**VRAESTEL 2**

**TYD:** 3 uur

**PUNTE:** 150

**9 bladsye + 'n addendum van 14 bladsye**

GESKIEDENIS V2

10792A

X05

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.**
**'n Addendum van 14 bladsye is binne die vraestel ingesluit.**

Downloaded from testpapers.co.za



## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Die vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B, gebaseer op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk volgens die KABV-dokument.

**AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

| | |
|---|---|
| VRAAG 1: | BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA – DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's |
| VRAAG 2: | DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE |
| VRAAG 3: | DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN ’N NUWE WÊRELDORDE, 1989 TOT DIE HEDE |

**AFDELING B: OPSTELVRAE**

| | |
|---|---|
| VRAAG 4: | BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA – DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's |
| VRAAG 5: | DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE |
| VRAAG 6: | DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN ’N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989 |

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, sal in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN moet ’n brongebaseerde vraag wees en die ten minste EEN moet ’n opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf ’n brongebaseerde vraag of ’n opstelvraag wees.

5. Jy word aangeraai om ten minste een uur per vraag te spandeer.

6. In die beantwoording van die vrae moet die kandidate hul kennis, vaardighede en insig toepas.

7. Jy sal benadeel word deur bloot die bronne as antwoorde te herskryf.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

9. Skryf duidelik en leesbaar.

Downloaded from testpapers.co.za



## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, uit hierdie afdeling. Die bronmateriaal wat nodig is om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

### VRAAG 1: WAT WAS DIE ROL VAN DIE SUID-AFRIKAANSE RAAD VAN KERKE (SARK) EN LEIERS SOOS DESMOND TUTU IN DIE STRYD TEEN APARTHEID IN DIE 1980's?

Bestudeer Bronne 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Definieer die konsep *Driekamerparlement* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.1.2 Noem TWEE kwessies, volgens die bron, wat veroorsaak het dat die kerk sy stempel in die stryd teen apartheid afgedruk het. (2 x 1) (2)

1.1.3 Wat, volgens die bron, was die houding van die kerk tydens apartheid in die:

(a) 1970's? (1 x 1) (1)
(b) 1980's? (1 x 1) (1)

1.1.4 Wat het Beyers Naudé bedoel met die stelling, "tensy nuwe faktore ŉ rol gaan speel of onvoorsiene verwikkelinge in die nabye toekoms plaasvind, sal ons onsself moet voorberei vir ŉ lang, uitgerekte guerrilla-stryd"? (1 x 2) (2)

1.1.5 Haal TWEE bewyse aan wat deur Desmond Tutu, genoem is, wat daarop dui dat swart mense nie meer vreedsaam kon betoog nie. (2 x 1) (2)

1.2 Bestudeer Bron1B.

1.2.1 Lewer kommentaar oor die rede dat Desmond Tutu gesê het dat hy kon 'verstaan hoekom swart Afrikane onder verdrukking hulle tot geweld sou wend in die stryd om vryheid'. (1 x 2) (2)

1.2.2 Waarom, volgens die bron, is Desmond Tutu se nie-gewelddadige preke gekritiseer? (1 x 2) (2)

1.2.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik hoe Desmond Tutu die wit regering probeer dwing het om apartheid te beëindig deur kommunikasie met die buitewêreld. (1 x 2) (2)

Downloaded from testpapers.co.za



1.2.4 Verduidelik hoekom jy dink Aartsbiskop Desmond Tutu spanning in Alexandra, by Ashley Kriel se begrafnis ontlont het en konflik tussen polisie en betogers bemiddel het. (1 x 2) (2)

1.2.5 Verduidelik die begrip *verset* binne die konteks van weerstand teen apartheid in die 1980's (1 x 2) (2)

1.2.6 Identifiseer enige TWEE aksies wat deur die regering geneem is om Tutu vir sy uittarting van die regering te straf. (2 x 1) (2)

1.3 Raadpleeg Bron 1C.

1.3.1 Verduidelik die boodskap wat deur die foto oorgedra word. (1 x 2) (2)

1.3.2 Hoekom dink jy is die foto geneem? (1 x 2) (2)

1.3.3 Lewer kommentaar op die betroubaarheid van hierdie bron rakende die betrokkenheid van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke by die verset teen die apartheidsregering. (2 x 2) (4)

1.4 Verwys na Bronne 1B en 1C. Verduidelik hoe die bewyse in Bron 1C die inligting in Bron 1B oor die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke se betrokkenheid by die weerstand teen apartheid ondersteun. (2 x 2) (4)

1.5 Gebruik Bron 1D.

1.5.1 Identifiseer uit die bron, TWEE dryfkragte tot die aktiwiteite van die SARK. (2 x 1) (2)

1.5.2 Gebruik die bron en jou eie kennis om te verduidelik hoe die SARK met die volgende gehelp het:

(a) Vaardigheidsontwikkeling (1 x 2) (2)
(b) Gemeenskapsprojekte (1 x 2) (2)

1.5.3 Hoe dink jy het die SARK die stigting van die WVK in post apartheid Suid-Afrika ondersteun? (1 x 2) (2)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy die rol van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK) en leiers soos Desmond Tutu in die stryd teen apartheid in die 1980's verduidelik. (8)
**[50]**

Downloaded from testpapers.co.za



**VRAAG 2: HOE SUKSESVOL WAS DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) OM NOKUTHULA SIMELANE SE FAMILIE BY TE STAAN OM GENESING TE VIND?**

Bestudeer Bronne 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Lees Bron 2A.

2.1.1 Waarom, volgens die bron, is die WVK gestig? (1 x 1) (1)

2.1.2 Wat, volgens die bron, was die bedoeling van die Menseregteskendingskomitee? (1 x 1) (1)

2.1.3 Definieer die begrip *herstellende geregtigheid* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

2.1.4 Hoekom dink jy het die WVK meer gefokus op herstellende geregtigheid eerder as op vergeldende geregtigheid? (1 x 2) (2)

2.1.5 Haal bewyse uit die bron aan wat verduidelik waarom die grootste deel van diegene wat voor die WVK getuig het, vroue was. (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer Bron 2B.

2.2.1 GeeTWEE bewyse uit die bron wat daarop dui dat Nokuthula Simelane ŉ slagoffer van apartheid was. (2 x 1) (2)

2.2.2 Hoekom dink jy is slegs vyf van die agt Soweto-takoperateurs deur die WVK amnestie toegestaan? (2 x 2) (4)

2.2.3 Identifiseer TWEE redes uit die bron waarom die Simelane-familie wou hê dat die mense wat vir Nokuthula se verdwyning verantwoordelik is, vervolg moet word. (1 x 2) (2)

2.2.4 Verduidelik hoekom dit belangrik was vir Nokuthula Simelane se familie om haar oorskot te vind. (1 x 2) (2)

2.2.5 Verduidelik die bruikbaarheid van hierdie bron vir ŉ historikus wat die verdwyning van Nokuthula Simelane navors. (2 x 2) (4)

Downloaded from testpapers.co.za



2.3 Raadpleeg Bron 2C.

2.3.1 Identifiseer DRIE mans in die bron wat voor die WVK verskyn het om aansoek te doen vir amnestie in die Nokuthula Simelane-saak. (3 x 1) (3)

2.3.2 Verduidelik die begrip *amnestie* in die konteks van die WVK. (1 x 2) (2)

2.3.3 Wie, volgens die bron, was verantwoordelik vir Nokuthula se verdwyning? (1 x 1) (1)

2.3.4 Lewer kommentaar op die verskillende stellings wat deur die volgende mense gemaak is oor Nokuthula se verdwyning:

(a) Wellem Coetzee
(b) Veyi (2 x 2) (4)

2.4 Vergelyk Bronne 2B en 2C. Verduidelik hoe die inligting in Bron 2B die getuienis in Bron 2C ondersteun aangaande die oortreders wat aansoek gedoen het vir amnestie vir Nokuthula se verdwyning. (2 x 2) (4)

2.5 Gebruik Bron 2D.

2.5.1 Verduidelik die boodskappe wat in die foto oorgedra word. (2 x 2) (4)

2.5.2 Verduidelik wat geïmpliseer word deur die stelling "KHULUMANI SAL NOOIT OPGEE NIE!". (1 x 2) (2)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe suksesvol die Waarheids- en Versoeningskommissie (WVK) was om vir Nokuthula Simelane se familie by te staan om genesing te vind. (8)

**[50]**

Downloaded from testpapers.co.za

MAAK ASSEBLIEF HIERDIE ADDENDUM VAN 14 BLADSYE LOS.

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# VOORBEREIDENDE EKSAMEN

# 2022

**10792**

**GESKIEDENIS**

**VRAESTEL 2**

**ADDENDUM**

**14 bladsye**

Downloaded from testpapers.co.za



## VRAAG 1: WAT WAS DIE ROL VAN DIE SUID-AFRIKAANSE RAAD VAN KERKE (SARK) EN LEIERS SOOS DESMOND TUTU IN DIE STRYD TEEN APARTHEID IN DIE 1980's?

**BRON 1A**

Die bron hieronder verduidelik waarom die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK) die apartheidsregime in 1983 teëgestaan het.

Die Driekamerparlement wat in 1983 gestig is, was nog ŉ grondwetlike instrument om die Kleurling en Asiatiese mense te koöpteer (in te sluit) in die grootse ontwerp van die regime. Dit het gelei tot die stigting van die Verenigde Demokratiese Front, wat gedurende hierdie tydperk na vore getree het as die vernaamste uitdrukking van weerstand teen apartheid. Dit was te midde van hierdie enorme onstabiliteit en onderdrukking dat die kerk sy stempel afgedruk het. Pastore is opgeroep om mense en gesinne te bedien wat deur slagtings gewond is en deur die militêre besetting ontstig (ontstel) is, wat ŉ konstante irritasie (ergernis) in swart gemeenskappe was. Hulle het die behoefte gevoel om die middele om apartheid tot ŉ einde te bring op te skerp en te fokus. Terwyl die kerke in die vroeë 1970's ŉ mate van simpatie met die staat gehad het, was daar teen die 1980's ŉ dieper begrip van die bevrydingsbewegings. Beyers Naudé, wat hoofsekretaris van die SARK geword het, kon in 1983 met selfvertroue waarsku dat "tensy nuwe faktore ŉ rol gaan speel of onvoorsiene ontwikkelings in die nabye toekoms plaasvind, sal ons moet voorberei vir ŉ lang, uitgerekte (langdurige) guerrilla-stryd; ŉ oorlog wat toenemend geveg sal word met dade van sabotasie en stedelike terrorisme."

Die SARK het in die tyd van die hoofsekretarisskappe van Desmond Tutu en Beyers Naudé gesien hoe die kerke in hewige (aggressiewe) weerstand teen die staat betrokke was. Dit was weerstand wat deur die Eloff-kommissie ontketen (begin) is, wat probeer het om die buitelandse befondsing van SARK-programme te beheer. Teen die 1980's was die kerke deel van die weerstandsbeweging. Tutu het tydens ŉ diens in die St George's Anglikaanse katedraal in Kaapstad in protes teen aanhoudings, die tema van Christelike weerstand teen onregverdige heerskappy beklemtoon: "As ons nie meer vreedsaam kan veg vir ŉ verandering in ŉ bose en onregverdige stelsel nie, sê die regering dan dat die enigste alternatief geweld is - wat anders sal vir mense oorbly om te doen?"

**[Aangepas uit http://psimg.jstor.org/fsi/img/pdf/t0/10.5555/al.sff.document.ufbmp1001_final.pdf. Toegang op 09 Januarie 2022 verkry.]**

Downloaded from testpapers.co.za



**BRON 1B**

Die uittreksel hieronder handel oor die reaksie van die destydse sekretaris van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK), Desmond Tutu, op die staat se onderdrukking in die 1980's.

Tutu het in 1984 namens ŉ gearresteerde sel (eenheid) van die gewapende anti-apartheidsgroep, uMkhonto we Sizwe, getuig. Hy het volgehou dat hy tot geweldloosheid toegewyd was, maar kon verstaan hoekom swart Afrikane onder verdrukking hulle tot die gebruik van geweld sou wend in hul stryd om vryheid. Hy het die wit regering se skynheiligheid uitgewys omdat hulle gewapende bevrydingsgroepe in Europa prys terwyl hulle dieselfde soort groepe in Suid-Afrika veroordeel.

Geweld in die land het aanhou eskaleer en Tutu is gevra om by baie begrafnisse te praat. Tydens sy preke het hy voortgegaan om ŉ boodskap van geweldloosheid te verkondig en hy is deur sommige daarvoor gekritiseer omdat hulle sy beskeidenheid (nederigheid) as ŉ struikelblok in die vryheidstryd gesien het.

Hy het die Verenigde Nasies se Algemene Vergadering in New York toegespreek en met die Britse premier Margaret Thatcher vergader om verder te druk vir ekonomiese sanksies teen Suid-Afrika.

In 1986 het Tutu weer die Verenigde State besoek om op sanksies aan te dring. Hy het ook Japan, China en Jamaika om dieselfde rede besoek. Later daardie jaar is hy tot Aartsbiskop van Kaapstad verkies voordat hy die president van die All Africa Conference of Churches geword het.

Tutu, saam met ander kerkleiers, het ŉ bemiddelaar van konflik tussen betogers en die polisie geword. Hulle het onder meer, spanning opgelos in Alexandra Township in 1986 en by die begrafnis van Ashley Kriel in 1987.

Toe die regering 17 organisasies in 1988 verbied het, het hulle ŉ protesoptog gereël, wat ook verbied is. In reaksie hierop het hulle die Komitee vir die Verdediging van Demokrasie gevorm en toe hul saamtrekke verbied is, het hulle dit vervang met ŉ diens by die St George's Katedraal.

Tutu het die saak van die Sharpeville Ses in 1988 opgeneem. Die groep is ter dood veroordeel en Tutu, wat die doodstraf teengestaan het, het druk op PW Botha uitgeoefen om hul lewens te spaar. Hy het self met Botha vergader en die twee het gebots voordat Tutu suksesvol was.

In reaksie op Tutu se verset, het die regering ŉ veldtog teen hom georkestreer (beplan), anti-Tutu pamflette en plakkers is versprei, betogers is betaal en selfs sy vrou is geteister.

**[Aangepas uit https://southafrica.co.za/desmond-tutu-contribution-to-dismantling-apartheid.html. Toegang op 10 Januarie 2022 verkry.]**


Downloaded from testpapers.co.za



**BRON 1C**

Die bron hieronder is 'n foto wat geneem is by die bekendstelling van die Komitee vir die Verdediging van Demokrasie op die 7de Maart 1988. Die Komitee vir die Verdediging van Demokrasie is gevorm omdat die regering bevrydingsorganisasies verbied het wat die apartheidsbeleid teengestaan het.

Van links na regs is die komiteelede – Frank van de Horst, Suid-Afrikaanse Raad vir Sport (SACOS), Allan Boesak, Desmond Tutu, Prof. Jakes Gerwel, Rektor Universiteit van die Weskaap (UWC).




[Uit https://southafrica.co.za/desmond-tutu-contribution-to-dismantling-apartheid.html. Toegang op 10 Januarie 2022 verkry.]

Downloaded from testpapers.co.za



**BRON 1D**

Die volgende uittreksel gee ŉ uiteensetting van die rol wat die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke gespeel het in die herstel van menseregte en die bekamping van die ongeregtighede tydens en na apartheid.

Deur sy geskiedenis heen het die SARK drie hoofdryfkragte tot sy aktiwiteite gehad: geregtigheid, vaardigheidsontwikkeling asook gemeenskapsprojekte en teologiese besinning. Tydens die apartheidsregime het die SARK hom nie net sterk uitgespreek teen kwessies van onreg en die skending van menseregte nie, dit het ook praktiese hulp aan die onderdruktes verleen. Meer spesifiek, het die SARK:

- Nooddienste aan slagoffers van apartheidsbrutaliteite gebied
- Fondse ingesamel vir die wettige regsverteenwoordiging van slagoffers van die stelsel
- Families van dié in aanhouding, van politieke gevangenes en van dié met ŉ doodsvonnis versorg
- Beurse aan duisende arm swart kinders gebied
- Gemeenskapsontwikkelingsprogramme en -projekte befonds
- Hom beywer vir omvattende internasionale sanksies teen apartheid
- Die stigting van ontwikkelingsinstellings soos die Kagiso Trust gefasiliteer
- Jeug- en vroueregte en ontwikkelingsprogramme ondersteun
- Ballinge ondersteun en hul terugkeer na Suid-Afrika na die ontbanning van die bevrydingsbewegings bewerkstelling, en vrylating van politieke gevangenes gefasiliteer
- Bystand verleen tydens in die oorgangsproses, van die onderhandelinge tot vredemaking te midde van intense geweld; deelgeneem aan die opstel van ŉ nuwe grondwet vir die land; die stigting van die WVK ondersteun; en gepleit vir ŉ regverdige sosiale en ekonomiese bestel.

Die rol van die SARK in die stryd om menseregte na Suid-Afrika te bring is ŉ eerbare een wat altyd in Suid-Afrika se geskiedenis erkenning sal verkry.

**[Uit https://sacc.org.za/history. Toegang op 09 Januarie 2022 verkry.]**

Downloaded from testpapers.co.za



**VRAAG 2: HOE SUKSESVOL WAS DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGS-KOMMISSIE (WVK) OM NOKUTHULA SIMELANE SE FAMILIE BY TE STAAN OM GENESING TE VIND?**

**BRON 2A**

Die uittreksel hieronder verduidelik die doelstellings van die Waarheids- en Versoeningskommissie (WVK), wat in 1995 gestig is.

Die Waarheids- en Versoeningskommissie (WVK) is gestig om onder meer die 'rehabilitasie en die herstel van die menslike en burgerlike waardigheid van slagoffers van menseregteskendings' te fasiliteer. Die Kommissie was van plan om hoofsaaklik deur middel van die openbare verhore wat deur die Menseregteskendingskomitee onderneem is, die stem en waardigheid van diegene wat voorheen gemarginaliseer (uitgeskuif) was te herstel en in die proses openbare erkenning te gee wat grootliks as ŉ kernbydraer tot die genesingsproses beskou word.

Die WVK was destyds die eerste herstellende geregtigheidsproses van sy soort om openbare verhore te hou en ruimte te bied vir oorlewendes om hul stories in hul eie woorde te vertel. Hierdie verhore het ŉ belangrike simboliese funksie verrig in ŉ land waar die regeringstelsel op die ontkenning en stilswye van veral swart stemme, gegrond was.

… Die WVK het gepoog om die kwessie van gemarginaliseerde (uitgeskuifde) stemme in die breër raamwerk van slagoffers aan te spreek en was bewus van geslagsverdraaiings (vooroordele) in die prosesse en aanbieding van sy werk. Alhoewel die grootste deel van diegene wat voor die Kommissie getuig het, vroue was, het hul getuienisse in die meeste gevalle gefokus op die ervarings van hul mans, seuns en vaders. Vroue as slagoffers het slegs ŉ klein aantal van die sake verteenwoordig.

**[Aangepas uit www.wwl.wits.ac.za: Traces of Truth – The South African TRC. Toegang op 16 Januarie 2022 verkry.]**

Downloaded from testpapers.co.za



**BRON 2B**

Die volgende bron fokus op hoe die Simelane-gesin op hul dogter, Nokuthula, se verdwyning gereageer het.

Dit is al byna 30 jaar en Sizakele Simelane wag nog steeds op geregtigheid vir haar dogter, Nokuthula, wat vermoedelik dood is. Die 23-jarige uMkhonto we Sizwe-aktivis van Bethal is op 8 September 1983 deur die Soweto-Veiligheidstak uit Johannesburg se Carlton-sentrum ontvoer. Sy is na ŉ plaas in Noordwes geneem, waar sy vir etlike weke gemartel is. ... Agt beamptes van die Soweto-Veiligheidstak het vir Nokuthula se aanhouding en marteling om amnestie aansoek gedoen. Slegs vyf was suksesvol.

Haar suster, Thembi Nkadimeng, het in Januarie ŉ brief aan Silas Ramaite, die waarnemende nasionale direkteur van openbare vervolging, geskryf en hom meegedeel dat haar pa gesterf het sonder om te weet wat met sy dogter gebeur het. "Ongelukkig het ons volkome vertroue in die prioriteitsmisdaadlitigasie-eenheid (regsgeding) verloor om ŉ suksesvolle vervolging uit te voer." Die eenheid het die taak om onder meer sake te ondersoek wat deur die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) verwys word. Nkadimeng het aan Ramaite gesê sy het die ondersoekbeampte in Januarie ontmoet. Hy het voorgestel dat dit deur ŉ geregtelike doodsondersoek hanteer word. Sy het gesê sy het ook die taakspan vir vermiste persone genader, wat vir haar gesê het dat hulle nie haar suster se oorskot kon vind nie.

"Ek is aangesê om die verdagtes te nader en aan te bied om hulle nie te vervolg as hulle die ligging van Nokuthula se oorskot bekend maak nie. Ek het hierdie voorstel met my familie bespreek, en ons het besluit om nie met die verdagtes te onderhandel nie." Sy het gesê die verdagtes het "meer as genoeg tyd" gehad om na vore te kom en die ligging van die oorskot bekend te maak. "Hulle het verkies om eerder vir my en my gesin pyn en lyding te veroorsaak deur ŉ muur van leuens en bedrog (oneerlikheid) te handhaaf." Ramaite het Nkadimeng in ŉ brief gedateer 31 Januarie ingelig dat dit nie moontlik is om ŉ geregtelike doodsondersoek te hou voor die afsluiting van die "uitstaande ondersoeke" nie.

… "Die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) sleep voete om vir my ma die enigste ding te gee wat sy kan hê, haar kind se oorskot." Haar ma, Sizakele, het gesê sy is kwaad en teleurgesteld ...

**[Aangepas uit https://www.timeslive.co.za/sunday-times/lifestyle/2013-03-17-grieving-mom-still-waits-for-answers-30-years-later/. Toegang op 19 Januarie 2022 verkry.]**

Downloaded from testpapers.co.za



**BRON 2C**

Die bron hieronder is ŉ weergawe van Nokuthula Simelane se ontvoerders se aansoek om amnestie by die WVK-verhore.

Ná die val van Apartheid is die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) ingestel as ŉ manier om die kloof tussen die onderdrukkende Nasionale Party ras en die demokratiese Suid-Afrika te oorbrug. Die Simelane-familie het haar saak by die WVK aanhangig gemaak in die hoop om haar saak op te los. Vyf wit mans het aansoek gedoen om amnestie met betrekking tot Nokuthula se ontvoering, marteling en verdwyning, Wellem Hellem Johannes Coetzee, Anton Pretorius, Mong, Williams en Ross. By die WVK het ŉ voormalige bevelvoerder van die Soweto Intelligensie Eenheid (SIU), Wellem 'Timol' Coetzee, die man verantwoordelik vir die verdwyning en dood van Nokuthula, verklaar dat Nokuthula gelewe het toe hy haar laas gesien het, die eenheid het haar in ŉ spioen verander en terug na Swaziland herontplooi.

Coetzee se argument is teengestaan deur sy kollega, Veyi, wat erken het dat sy gemartel en wreed vermoor is en in die Rustenburg-omgewing begrawe is. Die WVK het teen Coetzee se amnestie ten opsigte van marteling beslis, maar is amnestie vir Nokuthula se ontvoering toegestaan. Die WVK het verder amnestie aan die ander vier mans (Pretorius, Mong, Williams en Ross) vir haar marteling toegeken. Tot dusver het niemand na vore gekom en verantwoordelikheid vir haar verdwyning aanvaar nie, nóg die ANC nóg voormalige apartheidsveiligheidsmagte.

**[Uit: https://www.sahistory.org.za/people/nokuthula-orela-simelane. Toegang op 18 Januarie 2022 verkry.]**

Downloaded from testpapers.co.za



**BRON 2D**

Die foto hieronder wys hoe die Khulumani-ondersteuningsgroep 'n hofsitting bywoon om te eis dat die vier apartheidsera-polisiemanne verantwoordelik vir Nokuthula se verdwyning vervolg word.




**KHULUMANI SAL NOOIT OPGEE NIE!**

**ONS EIS AFSLUITING VAN HIERDIE ONVOLTOOIDE WVK-SAAK WAT DIE VERDWYNDE BETREF**

**STOP DIE MARTELING VIR GESINNE WAT NIE WEET WAT MET HUL GELIEFDES GEBEUR HET NIE**

**[Uit https://www.news24.com/News24/four-former-apartheid-era-policemen-granted-bail-20160226. Toegang verkry op 19 Januarie 2022.]**

Downloaded from testpapers.co.za



**VRAAG 3: HOE HET GLOBALISERING DIE KLEDING- EN TEKSTIELINDUSTRIE IN SUID-AFRIKA BEÏNVLOED?**

**BRON 3A**

Die bron hieronder fokus op die proses van globalisering in ontwikkelende lande.

Globalisering verwys na integrasie tussen mense, maatskappye en regerings. Die belangrikste is dat hierdie integrasie op ŉ globale skaal plaasvind. Verder is dit die proses om die besigheid oor die hele wêreld uit te brei. In globalisering, brei baie besighede wêreldwyd uit en neem ŉ internasionale beeld aan. Gevolglik is daar ŉ vereiste vir groot investering (belegging) om internasionale maatskappye te ontwikkel.

Eerstens, het mense sedert die begin van beskawing goedere verhandel. In die 1ste eeu v.C. was daar die vervoer van goedere van China na Europa. Die goedere is met die Sy-Roete vervoer. Die Sy-Roete afstand was baie lank. Dit was ŉ merkwaardige ontwikkeling in die geskiedenis van globalisering. Dit is omdat goedere vir die eerste keer ooit oor kontinente verkoop is.

Uiteindelik, in die 20ste en 21ste eeu, het globalisering uiteindelik vorm aangeneem. Bowenal het die ontwikkeling van tegnologie en die internet plaasgevind. Tegnologiese innovasie is nog ŉ noemenswaardige bydrae van globalisering. Die belangrikste is dat daar ŉ groot klem op tegnologiese ontwikkeling in globalisering is. Verder, lei globalisering tot tegnologie-oordrag. Globalisering dra by tot die verbeterde kwaliteit van produkte omdat vervaardigers probeer om produkte van hoë gehalte te maak. Dit is as gevolg van die druk van intense mededinging. As die produk minderwaardig is, kan mense maklik na ŉ ander hoë-gehalte produk oorskakel.

**[Aangepas uit: https://www.toppr.com/guides/essays/globalization-essay./ Toegang op 12 Januarie 2022 verkry.]**

Downloaded from testpapers.co.za



**BRON 3B**

Die volgende bron fokus op die uitdagings wat in die Suid-Afrikaanse Klere- en Tekstielbedryf ervaar word.

Die Suid-Afrikaanse Klere- en tekstielbedryf lê binne die Klere-, Tekstiel-, Skoene- en Leersektor (KTSL). Hierdie nywerhede is in twee provinsies gekonsentreer: KwaZulu-Natal en die Wes-Kaap. Die klere- en tekstielbedryf is gesamentlik verantwoordelik vir die meerderheid van indiensneming (90%) en waardetoevoeging (80%) tot die KTSL-sektor. Die sektor het 95 000 werkers in diens en dra 8% by tot die vervaardigings-BBP (Bruto Binnelandse Produk) en 9% tot die land se algehele BBP. Die klere- en tekstielbedryf bly belangrik in terme van die impak daarvan op indiensneming.

Die uitdagings wat die bedryf in die gesig gestaar het sedert die opening van Suid-Afrika se ekonomie in 1990 is hoofsaaklik te wyte aan 'n invloei van goedkoper ingevoerde produkte. Suid-Afrika se invoer van klere, tekstiele en leergoedere het van net meer as R5 miljard in 2000 tot byna R60 miljard in 2019 toegeneem, en meer as 100 000 werksgeleenthede is tussen 2002 en 2013 verlore. Alhoewel die bedryf gestabiliseer het, en positiewe groeivoorspellings vir plaaslike vervaardigingsfirmas verwag word, is dit duidelik dat die bedryf verskeie potensiële bedreigings in die gesig staar. Dit sluit in: 'n gebrek aan toegang tot kritieke hulpbronne wat benodig word vir tekstielvervaardiging, veral water in die konteks van Suid-Afrika en risiko's wat verband hou met hul algehele voorsieningsketting, bv., toegang tot insette soos katoen wat hul eie watersekuriteitsrisiko's inhou.

Die bedryf ervaar tans 'n opkomende wêreldwye neiging bekend as 'vinnige mode' wat die spoed waarteen goedere na die mark gebring kan word begunstig (voordeel daaruit trek) en dit word verkies bo goedkoop goedere. Hierdie tendens tesame met die opkoms van die eties-gesinde verbruikers het nuwe geleenthede in die klere- en tekstielbedryf in Suid-Afrika geskep.


**[Uit https://www.investcapetown.com/wpcontent/uploads/2019/09/Textiles_GreenCape_Resilience-Report_Interactive_20190801.pdf. Toegang op 12 Januarie 2022 verkry.]**

Downloaded from testpapers.co.za



**BRON 3C**

Die plakkaat hieronder beklemtoon hoe SACTWU (Suider-Afrikaanse Klere- en tekstielwerkersunie), 'n geaffilieerde van COSATU, werk om ordentlike werksgeleenthede in die Suid-Afrikaanse Tekstielbedryf te red en te vergroot.




RED

ONS KLEREFABRIEKE

**[Uit https://www.industriall-union.org/a-turnaround-for-south-africas-textile-industry. Toegang op 11 Januarie 2022 verkry.]**

Downloaded from testpapers.co.za



**BRON 3D**

Die volgende bron fokus op die impak van die COVID-19-pandemie op die Suid-Afrikaanse Klere- en tekstielbedryf

Suid-Afrika se klerebedryf het nie die impak van die COVID-19-pandemie op swaar belaaide verbruikers vrygespring nie, met kleinhandelverkope in die SA Klere- en Tekstielbedryf wat in 2020 die ergste afname bereik het wat nog aangeteken is. Maar, sê plaaslike vervaardigers, hulle probeer alles in hul vermoë om weer markaandeel van invoer terug te kry terwyl hulle steeds onderbrekings ondervind in die voorsieningsketting wat die pandemie veroorsaak het. "Kleinhandelverkope in die SA Klere- en Tekstielbedryf het 6,9% in geheel gedaal gedurende 2020. Dit is die ergste daling wat nog ooit aangeteken is en die enigste jaar van inkrimping, behalwe 2009 toe verkope met 3,2% gedaal het tydens die hoogtepunt van die wêreldwye finansiële krisis, volgens Stats SA."

Daar is lankal oproepe om klerevervaardiging in Suid-Afrika, wat sukkel om met China en ander goedkoop invoerders mee te ding, te laat herleef (versterk). Dit is waar die kleinhandel (Klere, Tekstiel, Skoene en Leer (KTSL)-meesterplan inkom. Die implementering daarvan het in 2020 afgeskop, en dit beoog om die proporsie plaaslik vervaardigde produkte wat in die winkels verkoop word, te verhoog van 44% (in 2018) tot 65% teen 2030. Die plan het ook ten doel om werk te skep.

Thandi Phele, waarnemende adjunk-direkteur-generaal van die Afdeling vir Nywerheidsmededinging en Groei van die Departement van Handel, Nywerheid en Mededinging (DTIC), sê "al was die bedryf onder druk, het klere-invoer ŉ groter knou gekry as plaaslik vervaardigde klere, aangesien kleinhandelaars meer goedere plaaslik koop en plaaslike vervaardigers hierby baat. "Die regering het hom ook daartoe verbind om ŉ bemagtigende omgewing vir belegging in die Suid-Afrikaanse Klere-, Tekstiel-, Skoeisel- en Leerbedryf te skep, deur strategiese tariefondersteuning, toepaslike vervaardigingsaansporings en die bekamping van onwettige invoere."

**[Uit https://www.news24.com/fin24/companies/sas-clothing-industry-trying-to-stitch-itself-together-following-worst-decline-to-date-20210630. Toegang op 6 Januarie 2022 verkry.]**

**EINDE**

Downloaded from testpapers.co.za



**ERKENNINGS**

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

https://southafrica.co.za/desmond-tutu-contribution-to-dismantling-apartheid.html.

http://psimg.jstor.org/fsi/img/pdf/t0/10.5555/al.sff.document.ufbmp1001_final.pdf

https://southafrica.co.za/desmond-tutu-contribution-to-dismantling-apartheid.html

www.wwl.wits.ac.za:

https://southafrica.co.za/desmond-tutu-contribution-to-dismantling-apartheid.html.

https://www.timeslive.co.za/sunday-times/lifestyle/2013-03-17-grieving-mom-still-waits-for-answers-30-years-later/

https://www.sahistory.org.za/people/nokuthula-orela-simelane

https://www.news24.com/News24/four-former-apartheid-era-policemen-granted-bail-20160226

https://www.toppr.com/guides/essays/globalization-essay/

https://www.investcapetown.com/wpcontent/uploads/2019/09/Textiles_GreenCape_Resilience-Report_Interactive_20190801.pdf

https://www.industriall-union.org/a-turnaround-for-south-africas-textile-industry

https://www.news24.com/fin24/companies/sas-clothing-industry-trying-to-stitch-itself-together-following-worst-decline-to-date-20210630

Downloaded from testpapers.co.za

Downloaded from testpapers.co.za

Downloaded from testpapers.co.za



**VRAAG 3: HOE HET GLOBALISERING DIE KLEDING- EN TEKSTIELINDUSTRIE IN SUID-AFRIKA BEÏNVLOED?**

Bestudeer Bronne 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Verwys na Bron 3A.

3.1.1 Definieer die konsep *globalisering* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

3.1.2 Noem TWEE bestemmings, genoem in die bron, waar goedere in die 1ste eeu vervoer is. (2 x 1) (2)

3.1.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik hoe globalisering voordelig was vir die vervaardigingsbedryf. (1 x 2) (2)

3.1.4 Noem DRIE merkwaardige ontwikkelings waartoe globalisering in die 20ste en 21ste eeue aanleiding gegee het. (3 x 1) (3)

3.2 Bestudeer Bron 3B.

3.2.1 Haal bewyse uit die bron aan wat daarop dui dat die Suid-Afrikaanse Klere- en Tekstielbedryf 'n groot aantal werkers in diens geneem het. (1 x 2) (2)

3.2.2 Identifiseer TWEE provinsies waar die Suid-Afrikaanse Klere- en Tekstielnywerhede geleë is. (1 x 2) (2)

3.2.3 Verduidelik hoe die Suid-Afrikaanse Klere- en Tekstielbedryf werksgeleenthede in Suid-Afrika beïnvloed. (1 x 2) (2)

3.2.4 Lewer kommentaar oor die rede(s) dat die Suid-Afrikaanse Klere- en Tekstielbedryf uitdagings tussen die jare 2000 en 2013 beleef het. (2 x 2) (4)

Downloaded from testpapers.co.za



3.3 Lees Bron 3C.

3.3.1 Verduidelik die boodskap wat in die spotprent oorgedra word oor die werkers in die Suid-Afrikaanse Klere- en Tekstielbedryf. (1 x 2) (2)

3.3.2 Lewer kommentaar oor wat die spotprenttekenaar bedoel het met die woorde "Gemaak in Suid-Afrika" met betrekking tot vervaardigde goedere in die klere- en tekstielsektor. (1 x 2) (2)

3.3.3 Verduidelik die beperkings van hierdie bron vir 'n historikus wat die uitdagings bestudeer wat die tekstielbedryf in Suid-Afrika in die gesig staar. (2 x 2) (4)

3.4 Raadpleeg Bron 3D.

3.4.1 Verduidelik hoe die COVID-19-pandemie die Suid-Afrikaanse Klere- en Tekstielbedryf beïnvloed het. (2 x 2) (4)

3.4.2 Definieer die konsep *pandemie* in die konteks van globalisering. (1 x 2) (2)

3.4.3 Gee TWEE redes wat in die bron genoem word waarom die Suid-Afrikaanse regering die klere- en tekstielbedryf wil laat herleef. (2 x 1) (2)

3.4.4 Wie, volgens die bron, is die waarnemende Adjunk-Direkteur-Generaal van die DTIC? (1 x 1) (1)

3.4.5 Lewer kommentaar op die inisiatief wat deur die Suid-Afrikaanse regering geneem is om werksgeleenthede in die klere- en tekstielbedryf te red. (1 x 2) (2)

3.5 Bestudeer Bronne 3C en 3D. Verduidelik hoe die inligting in Bron 3C die bewyse in Bron 3D met betrekking tot werkskepping in die klere- en tekstielbedryf ondersteun. (2 x 2) (4)

3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe globalisering die klere- en tekstielbedryf in Suid-Afrika beïnvloed het. (8)

**[50]**

Downloaded from testpapers.co.za



## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae in hierdie afdeling nie.

Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.

**VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA – DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's**

Steve Biko het die filosofie van Swartbewussyn gebruik om swart Suid-Afrikaners te bemagtig om die apartheidsregering in die 1960's en die 1970's uit te daag.

Stem jy saam?

Gebruik relevante bewyse om jou argument te ondersteun. **[50]**

**VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE**

Dit was deur leierskap en kompromieë deur verskeie politieke organisasies dat demokrasie in 1994 in Suid-Afrika gebore is.

Bespreek hierdie stelling krities in die konteks van die proses van onderhandelinge wat in die tydperk 1990 – 1994 in Suid-Afrika plaasgevind het.

Ondersteun jou argument met relevante bewyse. **[50]**

**VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989**

Verduidelik tot watter mate die val van die Berlynse Muur in 1989 die weg gebaan het vir die Nasionale Party en die African National Congress om samesprekings te begin wat uiteindelik tot die einde van Apartheid gelei het.

Motiveer jou argument met relevante bewyse. **[50]**

**TOTAAL: 150**

**EINDE**

Downloaded from testpapers.co.za

Downloaded from testpapers.co.za

Downloaded from testpapers.co.za

Downloaded from testpapers.co.za

-

# VOORBEREIDENDE EKSAMEN

# 2022

# NASIENRIGLYNE

**GESKIEDENIS (VRAESTEL 2) (10792)**

**25 bladsye**

Downloaded from testpapers.co.za



## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

**1.1 Die volgende kognitiewe vlakke word gebruik om brongebaseerde vrae te ontleed:**

| Kognitiewe vlakke | Historiese vaardighede | Gewig van vrae |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek inligting uit bronne<br>• Keuse en organisasie van relevante inligting uit bronne<br>• Definieer historiese konsepte/terme | **30%<br>(15 punte)** |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne<br>• Verduidelik inligting wat uit bronne versamel is<br>• Ontleed bewyse uit bronne | **40%<br>(20 punte)** |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne<br>• Bespreek bronne om die nuttigheid, betroubaarheid, vooroordeel en beperkings te bepaal<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe wat in bronne aangebied word en verkry 'n onafhanklike gevolgtrekking | **30%<br>(15 punte)** |

**1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:**

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet aan enige ander geldige en relevante standpunte, argumente, bewyse of voorbeelde gegee word.
- By die toekenning van punte moet klem geplaas word op hoe die vereistes van die vraag aangespreek is.
- In die nasienriglyne word die vereistes van die vraag (vaardighede wat aangespreek moet word) asook die vlak van die vraag kursief aangedui.
- Tydens die assessering van interpretatiewe bron-gebaseerde vrae, moet leerlinge krediet kry vir relevante antwoorde.
- Leerders is veronderstel om 'n posisie in te neem wanneer hulle 'tot watter mate' vrae beantwoord vir enige punte om toegeken te word.

**1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae:**

- Gebruik 'n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord.
- Gee aandag aan die puntetoekenning, bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓).
- Indien 'n vraag 4 punte tel, word 4 regmerkies (✓✓✓✓) aangedui.

Downloaded from testpapers.co.za



**Paragraafvraag:**

Paragrawe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer ŉ antwoord op ŉ paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas ŉ kolpunt (•) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.
- Maak regmerkies **(✓)** wat aan die kandidaat toegeken is vir die paragraaf aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1, 2 of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en gee ŉ kort kommentaar, bv.

____________
•________________________________________________________
__________________ • ______________________________ •
__________________

Level 2 ✓✓✓✓

**KOMMENTAAR**

Gebruik meestal relevante bewyse om die basiese paragraaf te skryf.

- Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt op die kantlyn regs onder, bv., $\frac{32}{50}$
- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordboek oorgedra word.

2. **OPSTELVRAE**

2.1 **Die opstelvrae vereis dat kandidate:**

- In staat sal wees om hul argument te struktureer in ŉ logiese en samehangende wyse. Hulle moet die relevante inligting kies, organiseer en saamvoeg sodat hulle ŉ redelike reeks feite of ŉ effektiewe argument kan aanbied om die vraag wat gestel word, te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat ŉ opstel ŉ inleiding, ŉ samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en ŉ gevolgtrekking het.

2.2 **Nasien van opstelvrae**

- Merkers moet daarvan bewus wees dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by die sentrum gebruik word.
- Kandidate kan enige ander relevante inleiding en/of gevolgtrekking hê as dié wat by ŉ spesifieke opstel nasienriglyn vir ŉ spesifieke opstel ingesluit is.

Downloaded from testpapers.co.za



2.3 **Globale assessering van die opstel**

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die nasiener die algehele produk as ŉ geheel aanteken, sonder om die dele afsonderlik aan te teken. Hierdie benadering moedig die leerder aan om ŉ individuele opinie te bied deur geselekteerde feitelike bewyse te gebruik om ŉ argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om bloot 'feite' te heroorweeg om ŉ hoë punt te behaal nie. Hierdie benadering ontmoedig leerders om 'model' antwoorde voor te berei en hulle te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag te oorweeg. Holistiese assessering, in teenstelling met inhoudsgebaseerde assessering plaas klem op die volgende:

- Die konstruksie van die argument
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om die argument te ondersteun
- Die leerder se interpretasie van die vraag

2.4 **Assesseringsprosedures van die opstel**

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die opstel geassesseer word.

2.4.2 Tydens die lees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir ŉ relevante inleiding (wat deur ŉ kolpunt in die nasienriglyn aangedui word), die <u>belangrikste aspekte/liggaam</u> van die opstel wat die lyn van argument onderhou/verdedig (wat deur ŉ kolpunt in die nasienriglyn aangedui word) en ŉ relevante gevolgtrekking (wat deur ŉ kolpunt in die nasienriglyn aangedui word).
Byvoorbeeld, in ŉ opstel waar daar vyf (5) hoofpunte is, kan daar ongeveer sewe (7) regmerkies wees.

2.4.3 Hou die PEEL-struktuur in gedagte tydens die nasien van ŉ opstel.

| | |
|---|---|
| **P** | **Punt:** Die kandidaat stel die opstel bekend deur ŉ argumentslyn duidelik te stel/ŉ belangrike punt te maak. Elke paragraaf moet ŉ punt insluit wat die belangrikste (argumentslyn) onderhou wat in die inleiding bekendgestel is. |
| **E** | **Verduideliking:** Die kandidaat moet in meer detail verduidelik waaroor die hoofpunt gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gestel word (lyn van argument). |
| **E** | **Voorbeeld:** Kandidate moet die vraag beantwoord deur inhoud te kies wat relevant is vir die lyn van die argument. Relevante voorbeelde moet gegee word om die argumentslyn te onderhou. |
| **L** | **Skakel:** Kandidate moet verseker dat die argument regdeur volgehou word en samehangend geskryf word. |

Downloaded from testpapers.co.za



2.4.4 Die volgende simbole MOET gebruik word wanneer 'n opstel beoordeel word:

Inleiding, hoofaspekte en gevolgtrekking nie behoorlik gekontekstualiseer nie

^

- Verkeerde stelling ________________
- Irrelevante inligting |<br>|<br>|
- Herhaling R
- Analise A ✓
- Interpretasie I ✓
- Lyn van Argument LOA

2.5 **Die matriks**

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle

By die nasien van opstelle moet die kriteria soos voorsien in die matriks gebruik word. By die beoordeling van die opstel, let op na die inhoud en aanbieding.

(a) Die eerste lesing van uitgebreide skryfwerk sal wees om te bepaal tot watter mate die hoofaspekte gedek word en om die **inhoudsvlak (**op die matriks) toe te ken.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede lesing van uitgebreide skryfwerk hou verband met die vlak (op die matriks) van **aanbieding**.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 3 | |

(c) Ken 'n algehele punt toe met die gebruik van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | } 26–27 |
| A | VLAK 3 | |

**KOMMENTAAR**

Sommige weglatings in inhoudsdekking.
Poog om 'n argument te handhaaf.

Downloaded from testpapers.co.za



## NASIENMATRIKS VIR OPSTEL – TOTAAL PUNTE: 50

| AANBIEDING → <br> INHOUD ↓ | VLAK 7 | VLAK 6 | VLAK 5 | VLAK 4 | VLAK 3 | VLAK 2 | VLAK 1* |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
| ***VLAK 7*** <br> Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot argument wat gevolg is. | **47 – 50** | **43 – 46** | | | | | |
| ***VLAK 6*** <br> Vraag is beantwoord. Inhoudskeuse relevant tot argument wat gevolg is | **43 – 46** | **40 – 42** | **38 – 39** | | | | |
| ***VLAK 5*** <br> Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant. | **38 – 39** | **36 – 37** | **34 – 35** | **30 – 33** | **28 – 29** | | |
| ***VLAK 4*** <br> Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | **30 – 33** | **28 – 29** | **26 – 27** | | |
| ***VLAK 3*** <br> Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | **26 – 27** | **24 – 25** | **20 – 23** | |
| ***VLAK 2*** <br> Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | **20 – 23** | **18 – 19** | **14 – 17** |
| ***VLAK 1**** <br> Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikende of irrelevante inhoud. | | | | | | **14 – 17** | **0 – 13** |

* **Riglyne vir die toekenning van 'n punt vir Vlak 1:**

- Vraag glad nie aangespreek nie/heeltemal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Antwoord sluit basiese en oor die algemeen irrelevante inligting in, geen poging om die opstel te struktureer nie = 1 – 6
- Vraag onvoldoende aangespreek en vaag; min poging om die opstel te struktureer = 7 – 13

Downloaded from testpapers.co.za



**AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

**VRAAG 1: WAT WAS DIE ROL VAN DIE SUID-AFRIKAANSE RAAD VAN KERKE (SARK) EN LEIERS SOOS DESMOND TUTU IN DIE STRYD TEEN APARTHEID IN DIE 1980's?**

1.1 1.1.1 *[Definisie van ’n historiese term uit Bron 1A – L1]*

- Die Driekamerparlement was ’n driekamerparlement vir Blanke, Bruin en Indiese verteenwoordigers terwyl Afrikane uitgesluit is.
- Die Driekamerparlement het drie afsonderlike kamers gehad om Bruin en Indiër verteenwoordigers te laat glo dat hulle oor hul eie sake kon toesig hou, terwyl Blankes die sake van ‘almal’ hanteer het.

(Enige ander relevante antwoord) Enige (1 x 2) (2)

1.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – L1]*

- Enorme onstabiliteit
- Onderdrukking Enige (2 x 1) (2)

1.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – L1]*

(a) Simpatiseer met die staat (1 x 1) (1)

(b) Het ’n dieper begrip van bevrydingsbewegings gehad (1 x 1) (1)

1.1.4 *[Interpretasie van inligting uit Bron 1A – L2]*

- As die apartheidsregering nie apartheid beëindig nie, sal hulle meer aggressiewe middele moet gebruik om dit te weerstaan.
- Guerrillastrategieë sal gebruik word as die regering nie verandering aan sy beleid bring nie.
- Die regering moet gou verandering bring, anders sal daar dade van sabotasie en terrorisme wees.

(Enige ander relevante antwoord) Enige (1 x 2) (2)

1.1.5 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – L1]*

- "As ons nie meer vreedsaam kan veg vir ’n verandering in ’n bose en onregverdige stelsel nie."
- “Sê die regering dan dat die enigste alternatief geweld is”
- “Wat anders sal vir mense oorbly om te doen?” Enige (2 x 1) (2)

Downloaded from testpapers.co.za



1.2 1.2.1 *[Interpretasie van inligting uit Bron 1B – L2]*

- Die wit regering wou nie veranderinge teweeg bring nie .
- Die wit regering het ook geweld gebruik.

(Enige ander relevante antwoord) (1 x 2) (2)

1.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – L1]*

- Sy beskeidenheid (nederigheid) was 'n struikelblok vir bevryding.

Enige (1 x 2) (2)

1.2.3 *[Interpretasie van inligting uit Bron 1B – L2]*

**NB indien verwys na interne verset, moenie krediet gee nie.** Hy het buitelandse besoeke afgelê om die lande aan te spoor om ekonomiese sanksies teen Suid-Afrika te implementer.

- Hy het die Verenigde Nasies se Algemene Vergadering/Japan, China en Amerika toegespreek oor apartheid in Suid-Afrika.

(Enige ander relevante antwoord) Enige (1 x 2) (2)

1.2.4 *[Interpretasie van inligting uit Bron 1B – L2]*

- Aartsbiskop Desmond Tutu was 'n liberalistiese kerkleier wat nie-geweld gepreek het.
- Hy moes die konflikte in Alexandra en by Ashley Kriel se begrafnis ontlont omdat dit swart-op-swart geweld was.
- Opposisiegroepe het na Tutu geluister omdat hy 'n kerkleier was.

(Enige ander relevante antwoord) Enige (1 x 2) (2)

1.2.5 *[Verduidelik van konsep uit Bron 1B – L2]*

- Wanneer die burgerlike gemeenskap opsetlik/doelbewus apartheidwette ondermyn
- Weerstand teen onregverdige apartheidwette

(Enige ander relevante antwoord) (1 x 2) (2)

1.2.6 *[Onttrekking van inligting uit Bron 1B – L1]*

- Die regering het 'n veldtog teen Tutu georkestreer.
- Versprei anti-Tutu pamflette en plakkers.
- Betogers betaal
- Tutu se vrou geteister Enige (2 x 1) (2)

Downloaded from testpapers.co.za



1.3 1.3.1 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1C – L2]*

- Die bron beklemtoon die betrokkenheid van lede van die kerk, bv., Desmond Tutu en Allan Boesak wat in die komitee was wat teen apartheid was.
- Die foto toon dat die komitee vryheid en demokrasie in Suid-Afrika geëis het.
- Foto toon dat mense uit verskillende rasse vryheid, demokrasie en gelyke regte wou gehad het

(Enige ander relevante antwoord) Enige (1 x 2) (2)

d 1.3.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1C – L2]*

- Dit bewys dat die Komitee vir die Verdediging van Demokrasie bestaan het/geloods is.

(Enige ander relevante antwoord) Enige (1 x 2) (2)

1.3.3 *[Evaluering van die betroubaarheid van Bron 1C – L3]*

**DIE BRON IS BETROUBAAR OMDAT**

- Dit is ŉ oorspronklike foto wat geneem is by die bekendstelling van die Komitee vir die Verdediging van Demokrasie.
- Dit het ŉ datum, 7 Maart 1988, wat bekend was vir die stigting van die Komitee vir die Verdediging van Demokrasie en 7 Maart is bekend vir die bekendstelling.
- Die bron kan bekragtig/ondersteun word deur die inligting in Bron 1B oor die vorming van die Komitee vir die Verdediging van Demokrasie.

(Enige ander relevante antwoord) Enige (2 x 2) (4)

1.4 *[Vergelyking van Bronne 1B en 1C – L3]*

- Bron 1B verduidelik die betrokkenheid van Desmond Tutu in die stryd om bevryding en Bron 1C toon Desmond Tutu se betrokkenheid by die stryd vir vryheid.
- Bron 1B sê Tutu het saam met ander kerkleiers gewerk en op die foto in Bron 1C is hy saam met ŉ ander kerkleier, Allan Boesak, gesien.
- Beide bronne verwys na Desmond Tutu as ŉ organiserende lid van die Komitee vir die Verdediging van Demokrasie.

(Enige ander relevante antwoord) Enige (2 x 2) (4)

Downloaded from testpapers.co.za



1.5 1.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – L1]*

- Geregtigheid
- Vaardigheidsontwikkeling en gemeenskapsprojekte
- Teologiese besinning Enige (2 x 1) (2)

1.5.2 *[Interpretasie van inligting uit Bron 1D – L2]*

(a)
- Die SARK het gehelp met vaardigheidsontwikkeling en projekte deur fondse aan gemeenskapsontwikkelingsprogramme te verskaf.
- Die SARK het die stigting van vaardigheidsontwikkelingsinstellings soos Kagiso Trust gefasiliteer. Enige (1 x 2) (2)

(b) Die SARK het aan jeug- en vroueontwikkelingsprogramme deelgeneem.
(Enige ander relevante antwoord) Enige (1 x 2) (2)

1.5.3 *Interpretasie van inligting uit Bron 1D – L2]*

- Aartsbiskop Desmond Tutu ŉ lid van die SARK was betrokke as voorsitter van die WVK.

(Enige ander relevante antwoord) Enige (1 x 2) (2)

1.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese uit relevante bronne – L3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

- Die kerk het betrokke geraak by die verset teen apartheid as gevolg van onstabiliteit en onderdrukking wat in Suid-Afrika plaasgevind het (1A).
- Kerkleraars het slagoffers en familielede bedien wat deur slagtings gewond is (1A).
- Beyers Naudé het gewaarsku dat indien beleide nie verbeter nie, die kerk “gewikkel sal wees in ŉ oorlog van terrorisme”.
- SARK het die apartheidstaat tydens die sekretarisskappe van Naudé en Tutu heftig teengestaan (1A).
- Tutu het gesê hy verstaan hoekom mense gewelddadig was in hul verset.
- Desmond Tutu het as lid van SARK in 1984 namens die gearresteerde gewapende Umkhonto we Sizwe groep getuig (1B).
- Desmond Tutu het geweldloosheid verkondig (1B).
- Die SARK het druk op die internasionale wêreld geplaas om ekonomiese sanksies teen SA op te lê om hulle te dwing om afstand te doen van apartheid (1B).
- Kerkleiers ontlont konflikte in gewelddadige situasies tussen betogers en die polisie in menige voorvalle (1B).
- Tutu het die sogenaamde 'uitverkopers' by die begrafnisse van apartheidslagoffers beskerm.
- Hy het toesprake gehou by begrafnisse van aktiviste (1B).
- Tutu was teen brutaliteit deur die staat (eie kennis).

Downloaded from testpapers.co.za



- Die SARK het betrokke geraak by die Komitee vir Verdediging van Demokrasie wat in Maart 1988 van stapel gestuur is (1D).
- SARK het arm swart mense met beurse gehelp (1D).
- SARK het vaardigheidsontwikkelingsprogramme en -projekte befonds en daaraan deelgeneem.
- SARK het deelgeneem aan versoening en die WVK (1D).

(Enige ander relevante antwoord)

**Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ŉ elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip van die rol van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK) en leiers soos Desmond Tutu in die stryd teen apartheid in die 1980's**.<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie ŉ paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0 – 2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in ŉ groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon ŉ mate van begrip vir die rol van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK) en leiers soos Desmond Tutu in die stryd teen apartheid in die 1980's.**<br>• Gebruik bewyse op ŉ baie basiese manier om ŉ paragraaf te skryf. | **PUNTE 3 – 5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon ŉ deeglike begrip van die rol van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK) en leiers soos Desmond Tutu in die stryd teen apartheid in die 1980's.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ŉ georganiseerde paragraaf wat ŉ begrip van die onderwerp toon. | **PUNTE 6 – 8** |

(8)
**[50]**

Downloaded from testpapers.co.za



**VRAAG 2: HOE SUKSESVOL WAS DIE WAARHEID-EN-VERSOENINGS-KOMMISSIE (WVK) OM NOKUTHULA SIMELANE SE FAMILIE BY TE STAAN OM GENESING TE VIND?**

2.1 2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – L1]*

- Om die rehabilitasie en herstel van menslike en burgerlike waardigheid van slagoffers van menseregteskendings te fasiliteer. (1 x 1) (1)

2.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – L1]*

- Om die stem en waardigheid van diegene wat voorheen gemarginaliseer is, te herstel. (1 x 1) (1)

2.1.3 *[Definisie van ʼn historiese term uit Bron 2A – L1]*

- Die WVK se stelsel van geregtigheid wat fokus op die rehabilitasie van slagoffers en oortreders deur versoening in post-apartheid Suid-Afrika.
- ʻn Vorm van geregtigheid wat kompensasie en rehabilitasie aan die families van slagoffers en amnestie aan oortreders bied

(Enige ander relevante antwoord) (1 x 2) (2)

2.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – L2]*

- Die WVK het ten doel gehad om genesing tussen die slagoffers en die oortreders te bewerkstellig.
- Genesing tussen die slagoffers en die oortreders kan tot vergifnis en dus versoening lei.
- Die WVK wou ʼn nuwe Suid-Afrika bou gebaseer op vergifnis eerder as haat/om wraak te vermy.
- Vergeldende geregtigheid sou burgeroorlog aangehits het terwyl herstellende geregtigheid vrede aangemoedig het.

(Enige ander relevante antwoord) Enige (1 x 2) (2)

2.1.5 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – L1]*

- Hulle getuienisse het gefokus op die ervarings van hul mans, seuns en vaders. (1 x 2) (2)

Downloaded from testpapers.co.za



2.2 2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – L1]*

- Die 23-jarige uMkhonto we Sizwe-aktivis van Bethal
- Sy is op 8 September 1983 deur die Soweto-veiligheidstak uit Johannesburg se Carlton-sentrum ontvoer.
- Sy is na 'n plaas in Noordwes geneem, waar sy vir etlike weke gemartel is. (2 x 1) (2)

2.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – L2]*

- Die drie Soweto-veiligheidstakbeamptes het nie aan die vereistes/voorwaardes vir amnestie voldoen nie.
- Hulle het nie die waarheid oor Nokuthula se verdwyning bekend gemaak nie.
- Hulle kon nie bewys dat die misdade wat hulle teen Nokuthula gepleeg het 'n politieke motief gehad het nie.

(Enige ander relevante antwoord) (2 x 2) (4)

2.2.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – L1]*

- Haar pa het gesterf sonder om te weet wat met sy dogter gebeur het.
- Hulle wou hê die oortreders moes betaal vir hul leuens en bedrog.
- Hulle (oortreders) het die gesin baie pyn besorg met hul leuens en bedrog. (2 x 1) (2)

2.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – L2]*

- Hulle wou die oorsaak van haar dood ondersoek/weet wat met haar gebeur het.
- Die gesin wou haar oorskot begrawe waar ander familielede begrawe is.
- Hulle wou afsluiting/genesing hê.
- Hulle wou haar 'n waardige begrafnis gee.

(Enige ander relevante antwoord) (1 x 2) (2)

2.2.5 *[Evaluering van die bruikbaarheid van Bron 2D – L3]*

- Die bron gee insig in die ontvoering en marteling wat Nokuthula tydens die apartheidsera verduur het.
- Weerspeël die betrokkenheid van agt beamptes van die Soweto-veiligheidstak by haar verdwyning.
- Dui aan dat Nokuthula se pa gesterf het sonder om te weet wat met sy dogter gebeur het.
- Dit stel dat die WVK nie die waarheid oor Nokuthula se verdwyning en dood kon vind nie.
- Dit stel dat die familie ontevrede was met die WVK se beslissing en nie die WVK se bevinding oor Nokuthula se verdwyning aanvaar het nie

(Enige ander relevante antwoord) (2 x 2) (4)

Downloaded from testpapers.co.za



2.3 2.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – L1]*

- Wellem Hellem Johannes Coetzee
- Anton Pretorius
- Mong
- Williams
- Ross Enige (3 x 1) (1)

2.3.2 *[Definisie van historiese konsepte uit Bron 2C – L2]*

- Amptelike kwytskelding vir polities gemotiveerde misdade

(Enige ander relevante antwoord) Enige (1 x 2) (2)

2.3.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – L1]*
Slegs krediet vir name volledig uitgeskryf

- Wellem Hellem Johannes Coetzee (1 x 1) (1)

2.3.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – L2]*

Die twee het verskillende weergawes gegee van wat met Nokuthula gebeur het:

(a)
- Coetzee het verklaar dat Nokuthula nog gelewe het toe hy haar laas gesien het en dat sy as spioen in sy eenheid gewerk het
- Coetzee het gejok oor Nokuthula om homself van verantwoordelikheid te vrywaar.

(b)
- Veyi het beken dat Nokuthula gemartel, wreed vermoor en rondom die Rustenburg-omgewing begrawe is.
- Veyi het die waarheid vertel oor Nokuthula se verdwyning om amnestie te kry.

(Enige ander relevante antwoord) (2 x 2) (4)

2.4 *[Vergelyking van bewyse uit Bronne 2B en 2C – L3]*

- Albei bronne noem dat niemand verantwoordelikheid vir haar verdwyning geneem het nie.
- Bron 2B meld dat min oor haar verdwyning bekend was en Bron 2C meld dat tot dusver niemand/geen oortreder na vore gekom het en verantwoordelikheid vir haar verdwyning aanvaar het nie.
- Albei bronne dui aan dat dit die veiligheidspolisiemanne wat verantwoordelik vir haar verdwyning was, wat om amnestie by die WVK aansoek gedoen het.

(Enige ander relevante antwoord) (2 x 2) (4)

Downloaded from testpapers.co.za



2.5 2.5.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – L2]*

- Die Khulumani-ondersteuningsgroep het die voortou geneem in die stryd om die vervolging van die polisiemanne verantwoordelik vir Nokuthula se verdwyning te ondersteun.
- Die lede van die Khulumani-ondersteuningsgroep hou plakkate vas wat eis dat die hof die polisiemanne wat verantwoordelik is vir Nokuthula se verdwyning moet vervolg om die Simelane-gesin die afsluiting/genesing te gee wat hulle nodig het.
- Dit wys die Khulumani-ondersteuningsgroep se vasberadenheid om die Simelane-gesin te ondersteun om geregtigheid te kry vir Nokuthula se verdwyning.
- Die Khulumani-ondersteuningsgroep sal nie ophou veg vir geregtigheid vir Nokuthula se familie nie

(Enige ander relevante antwoord) Enige (2 x 2) (4)

2.5.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – L2]*

- Dit impliseer dat die Khulumani-ondersteuningsgroep vasbeslote is om te veg vir die vervolging van diegene wat verantwoordelik is vir Nokuthula se verdwyning.
- Hulle sal aanhou veg vir gesinne wat afsluiting/genesing moet vind.

(Enige ander relevante antwoord) Enige (1 x 2) (2)

2.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

**NIE SUKSESVOL OM AAN DIE FAMILIE GENESING TE BIED NIE**

- Die WVK het gepoog om die kwessie van gemarginaliseerde stemme onder die breër raamwerk van slagoffers aan te spreek en was bewus van geslagsverdraaiings (vooroordele) in die prosesse en aanbieding van sy werk (Bron 2A).
- Vroue as slagoffers het slegs ŉ klein aantal sake verteenwoordig (Bron 2A).
- Sizakele Simelane het gewag vir geregtigheid vir haar dogter, Nokuthula, wat vermoedelik dood is (Bron 2B).
- Min is bekend oor haar verdwyning deur die Waarheids- en Versoeningskommissie (WVK) se verhore (Bron 2B).
- Nokuthula Simelane se pa is dood sonder om te weet wat met sy dogter gebeur het (Bron 2B).
- Die Simelane-familie is deur die NVG aangeraai om die verdagtes wat na bewering betrokke was by die verdwyning van Nokuthula Simelane op hul eie te nader en aan te bied om hulle nie te vervolg nie, as hulle die ligging van Nokuthula se oorskot bekend maak.
- Nokuthula Simelane se suster sê dat "Die NVG het gekies om haar en haar gesin pyn en angs te veroorsaak deur ŉ muur van leuens en bedrog (oneerlikheid) te handhaaf.
- Nokuthula Simelane se suster sê dat "Die NVG sleep voete om vir my ma die enigste ding te gee wat sy kan hê, haar kind se oorskot."
- Sizakele Simelane is kwaad en teleurgesteld dat "Dit gaan 30 jaar wees sedert sy verdwyn het en niks het gebeur nie." Sy wil die waarheid weet oor wat met Nokuthula gebeur het en waar sy begrawe is as sy dood is (Bron 2B).

Kan

Downloaded from testpapers.co.za



- Daar is twee teenstrydige verklarings/verslae van wat met Nokuthula gebeur het van Coetzee, wat verklaar het dat Nokuthula gelewe het toe hy haar laas gesien het en dat sy as spioen in sy eenheid gewerk het en dié van Veyi wat erken het dat Nokuthula gemartel, wreed vermoor en rondom die Rustenburg-omgewing begrawe is (Bron 2C).
- Die Khulumani-ondersteuningsgroep, ŉ groep wat veg vir die regte van apartheidslagoffers, het betrokke geraak en die voortou geneem in die stryd om die vervolging van die polisiemanne wat verantwoordelik is vir die verdwyning van Nokuthula Simelane te ondersteun (Bron 2D).
- Die lede van die Khulumani-ondersteuningsgroep hou plakkate vas wat eis dat die hof die polisiemanne wat verantwoordelik is vir Nokuthula se verdwyning moet vervolg om die Simelane-gesin die sluiting/genesing te gee wat hulle nodig het (Bron 2D).

- **SUKSESVOL IN DIE BYSTAND AAN DIE SIMELANE FAMILIE OM GENESING TE VIND**

- Kandidate moet relevante bewyse gebruik om hul standpunt te ondersteun.

(Enige ander relevante antwoord) (8)

**Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ŉ elementêre wyse bv.<br>• **toon geen of min begrip van hoe die WVK suksesvol was om genesing vir die Simelane-gesin te vind ná haar verdwyning**.<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om ŉ paragraaf te skryf. | **PUNTE: 0 – 2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in ŉ groot mate verband met die onderwerp, bv**. toon ŉ mate van begrip van hoe die WVK suksesvol was om genesing vir die Simelane-gesin te vind ná haar verdwyning.**<br>• Gebruik bewyse op ŉ baie basiese manier om ŉ paragraaf te skryf. | **PUNTE: 3 – 5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer ŉ deeglike begrip van hoe die WVK suksesvol was om genesing vir die Simelane-familie te vind ná haar verdwyning.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ŉ georganiseerde paragraaf wat ŉ begrip van die onderwerp toon. | **PUNTE: 6 – 8** |

**[50]**

Downloaded from testpapers.co.za



**VRAAG 3: HOE HET GLOBALISERING DIE KLEDING- EN TEKSTIELINDUSTRIE IN SUID-AFRIKA BEÏNVLOED?**

3.1 3.1.1 *[Definisie van historiese konsep in Bron 3A – L1]*

- Onderlinge verbintenis tussen wêreld ekonomieë deur tegnologie/internet en vervoer moontlik gemaak
- Globalisering beteken dat lande meer interafhanklik word en dat mense oor die hele wêreld meer aan mekaar verbind is.
- Globalisering het gelei tot die monopolisering van nywerhede deur groot besighede, wat groot winste maak ten koste van onderontwikkelde en onontwikkelde lande.

(Enige ander relevante antwoord) Enige (1 x 2) (2)

3.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – L1]*

- China
- Europa (2 x 1) (2)

3.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – L2]*

- Hoë kwaliteit goedere word geproduseer.
- Het gelei tot groei van globale maatskappye.
- Die kwaliteit van geproduseerde goedere het verbeter.
- Tegnologie/internet laat vervaardigers toe om hul produkte globaal te verkoop

(Enige ander relevante antwoord) Enige (1 x 2) (2)

3.1.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – L1]*

- tegnologiese ontwikkeling
- ontwikkeling van die internet
- Tegnologiese innovasie (3 x 1) (3)

3.2 3.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – L1]*

- Die klere- en tekstielbedryf is gesamentlik verantwoordelik vir die meerderheid van indiensneming in die KTSL-sektor.
- Die KTSL-sektor is gesamentlik verantwoordelik vir die meerderheid van indiensneming (90%).
- Die sektor het 95 000 werkers in diens. Enige (1 x 2) (2)

3.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – L1]*

- Wes-Kaap
- KwaZulu-Natal (2 x 1) (2)

Downloaded from testpapers.co.za



3.2.3 *[Interpretasie van inligting uit Bron 3B – L2]*

- Die Wes-Kaap en KwaZulu-Natal verskaf werk aan 95 000 werkers.
- Die sektor versterk die ekonomie en dit lei tot werkskepping.
  Die sektor dra by tot die grootste uitvoer en skep dus nuwe werksgeleenthede in die sektor.

(Enige relevante antwoord) Enige (1 x 2) (2)

3.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – L2]*

- Meer as 10 000 werksgeleenthede is tussen 2000 – 2013 verlore.
- Die bedryf het ŉ gebrek aan toegang tot hulpbronne soos water en katoen ervaar.
- Die bedryf het nuwe wêreldwye neigings ervaar, bekend as vinnige modes – die spoed waarteen goedere na die markte gebring word.
- Die toename van goed, buitelandsvervaardigde klere

(Enige relevante antwoord) Enige (2 x 2) (4)

3.3 3.3.1 *[Interpretasie van inligting uit Bron 3C – L2]*

- Duisende werksgeleenthede is in die Suid-Afrikaanse klerebedryf verlore.
- 150 000 werksgeleenthede is in die klere- en tekstielbedryf verlore.
- SACTWU probeer werksgeleenthede in die bedryf red.
- Die bedryf het swaargekry weens ŉ toestroming van goedkoop kledingstukke.
- Toename in goedkoop ingevoerde goedere.

(Enige ander relevante antwoord) Enige (1 x 2) (2)

3.3.2 *[Interpretasie van inligting uit Bron 3C – L2]*

- SACTWU beywer hom vir mense om plaaslik vervaardigde goedere te koop.
- Die "Koop Suid-Afrikaanse veldtog" het ten doel gehad om plaaslik vervaardigde kledingstukke te bevorder.
- SACTWU het ooreenkomste met groot maatskappye aangegaan om die plaaslike bedryf te ondersteun.

(Enige relevante antwoord) Enige (1 x 2) (2)

3.3.3 *[Verduideliking van beperkings uit Bron 3C – L3]*

- Die bron gee nie redes waarom die klerefabrieke gered moet word nie.
- Die kunstenaar wat die plakkaat vervaardig het, word nie genoem nie.
- Die bron bied die siening van die vakbonde aan/eensydige siening van vakbonde

(Enige ander relevante antwoord.) Enige (2 x 2) (4)

Downloaded from testpapers.co.za



3.4 3.4.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – L2]*

- Die pandemie het tot die sluiting van aanlegte gelei.
- Daar was menige werksgeleenthede in die kleinhandelsektor verlore.
- Kleinhandelaars het logistieke struikelblokke in die uitvoer van kledingstukke ondervind.
- Verbruikers kry swaar as gevolg van die pandemie en kon gevolglik nie klere koop nie wat tot ʼn afname in verkope gelei het.

(Enige ander relevante antwoord) Enige (2 x 2) (4)

3.4.2 *[Verduideliking van konsep in konteks uit Bron 3D – L2]*

- ʼn Siekte wat wêreldwyd uitbreek en wyd versprei is as gevolg van die beweging van goedere en mense oor die hele wêreld.

(Enige ander relevante antwoord.) (1 x 2) (2)

3.4.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – L1]*

- Om proporsie van plaaslik vervaardigde produkte te verhoog.
- Om werk te skep. (2 x 1) (2)

3.4.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – L1]*

- Thandi Phele (1 x 1) (1)

3.4.5 *[Interpretasie van inligting uit Bron 3D – L2]*

- Suid-Afrika poog om buitelandse beleggers te lok om in die Suid-Afrikaanse Klere- en Tekstielbedryf te belê om werk te skep.
- Die Suid-Afrikaanse regering is vasbeslote om onwettige invoer hok te slaan om werk te red.
- Die Suid-Afrikaanse regering sal slegs plaaslik vervaardigde goedere bevorder en dit sal bydra tot werkskepping in die bedryf.
- Tariewe sal gereguleer word en vervaardigingsaansporings sal ingestel word.

(Enige ander relevante antwoord) Enige (1 x 2) (2)

Downloaded from testpapers.co.za



3.5 *[Vergelyking van bewyse uit Bronne 3C en 3D om vas te stel hoe bronne mekaar ondersteun – V3]*

- Bron 3C doen ŉ beroep op verbruikers om Suid-Afrikaans vervaardigde klere te koop – "Koop Suid-Afrika" en Bron 3D noem dat groot kleinhandelmaatskappye plaaslik vervaardigde klere koop.
- Bron 3C SAWCTU probeer werksgeleenthede in die klere- en tekstielbedryf red en Bron 3D praat oor werkskepping in die klere- en tekstielbedryf.

(Enige ander relevante antwoord) (2 x 2) (4)

3.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese uit relevante bronne – L3]*

- Die Suid-Afrikaanse Klere- en Tekstielbedryf verskaf 90% van indiensneming in Suid-Afrika (Bron 3B).
- Die sektor het 95 000 werkers in diens (Bron 3B).
- Die bedryf staar uitdagings in die gesig as gevolg van die invloei van goedkoop goedere (Bron 3B).
- Die wêreldwye neiging van vinnige mode het ŉ negatiewe impak op die sektor gehad (Bron 3B).
- SACTWU het ŉ "Koop Suid-Afrika-veldtog" geloods om die plaaslike bedryf te ondersteun (Bron 3C).
- SACTWU beywer hom vir mense om plaaslik vervaardigde goedere te koop (Bron 3C).
- Menige werksgeleenthede is in die sektor verlore (eie kennis).
- Die Suid-Afrikaanse Klere- en Tekstielbedryf het 150 000 poste van 2000 – 2013 afgeskaf (eie kennis).
- Die Suid-Afrikaanse Klere- en Tekstielbedryf het groot werksverliese ervaar weens die COVID-19-pandemie (Bron 3D).
- Die Suid-Afrikaanse regering het ŉ aantal inisiatiewe geïmplementeer, soos om onwettige invoere te beperk en vervaardigingsaansporings te implementeer om werksgeleenthede in die bedryf te red.

(Enige ander relevante antwoord) (8)

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ŉ elementêre wyse bv.<br>• **toon geen of min begrip hoe globalisering die klere- en tekstielbedryf in Suid-Afrika beïnvloed het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie ŉ paragraaf skryf nie. | **PUNTE: 0 – 2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in ŉ groot mate verband met die onderwerp, bv**. toon ŉ mate van begrip van hoe globalisering die klere- en tekstielbedryf in Suid-Afrika beïnvloed het.**<br>• Gebruik bewyse op ŉ baie basiese manier om ŉ paragraaf te skryf. | **PUNTE: 3 – 5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer ŉ deeglike begrip van hoe globalisering die klere- en tekstielbedryf in Suid-Afrika beïnvloed het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ŉ georganiseerde paragraaf wat ŉ begrip van die onderwerp toon. | **PUNTE: 6 – 8** |

**(8)**
**[50]**

Downloaded from testpapers.co.za



## AFDELING B: OPSTELVRAE

**VRAAG 4:** BURGELIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument gebaseer op relevante bewyse deur analitiese en interpretatiewe vaardighede te gebruik]*

**SINOPSIS**

Kandidate moet duidelik aandui hoe Steve Biko en die filosofie van Swartbewussyn swart Suid-Afrikaners bemagtig het om die apartheidsregering in die 1960's en 1970's uit te daag.

**HOOFASPEKTE**

Kandidate moet die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

Inleiding: Kandidate moet 'n standpunt inneem en aandui hoe Steve Biko en die filosofie van Swartbewussyn swart Suid-Afrikaners bemagtig het om die apartheidsregering in die 1960's en 1970's uit te daag. Hulle moet ook aandui hoe hulle hul argument sal ondersteun.

**UITBREIDING**

- Politieke vakuum (agtergrondinligting)
  - Geskep nadat politieke leiers en partye van die ANC en PAC in 1960 verbied of gevange geneem is.
- Mobilisasie van Swart mense
  - Swart mense met 'n gevoel van trots toegedien.
  - Om hulself te aanvaar/selfvertroue/selfstandigheid/sin van identiteit te hê
  - Swart mense bemagtig om die gees van selfbejammering; minderwaardigheids-kompleks; selfvervreemding en oorheersing deur eksterne kragte te verwerp.
  - Die vorming van Swartbewussyn is deur die apartheidsregering verwelkom as 'n uitbreiding van afsonderlike ontwikkeling.
- Politieke mobilisering/bemagtiging
  - Swart studente het hulself begin organiseer om wit oorheersing te weerstaan deur weg te breek van NUSAS en SASO gestig (1968).
  - Swart studente het die filosofie van Swartbewussyn (SB) (Rol van Biko/SASO) aangeneem.
  - SASO was vir universiteitstudente en SASM vir skoliere.
  - Swartbewussyn het gelei tot die stigting van die Black Peoples Convention (BPC) in 1972 wat studente, kerke, gemeenskappe en vakbonde betrek het.
  - Vakbonde wat in lyn was met die Swartbewussyn -filosofie het Black Parents' Association en Black Allied Workers Union (BAWU) ingesluit.

Downloaded from testpapers.co.za



- ➢ South African Students Movement, wat in 1972 gestig is, het Swart mense aan die ideale van Swartbewussyn blootgestel.
- ➢ Uitsetting van Tiro wat gelei het tot studentebetogings.
- ➢ BCM en SASO het FRELIMO-saamtrekke (1974) georganiseer.
- ➢ Uitsetting van studente van universiteite.
- ➢ Die arrestasies van Swartbewussyn -leiers het politieke aktivisme verhoog.

- Studentemobilisering/bemagtiging
  - ➢ Die Bantoe-onderwyswet het Afrikaans as onderrigmedium in skole ingestel (1975).
  - ➢ SASO en SASM het die stigting van die Soweto Studente Verteenwoordigende Raad (SSRC) beïnvloed.
  - ➢ Beide swart onderwysers sowel as studente het Afrikaans – as die taal van die onderdrukker verwerp.
  - ➢ Sommige onderwysers en leerders is reeds deur SASO-studente-onderwysers van universiteite aan die idees van Biko en die Swartbewussyn -filosofie blootgestel.
  - ➢ Die Departementele Omsendbrief oor Afrikaans (50/50) was die sneller vir die Soweto-opstand.
  - ➢ 16 Junie 1976 – Studente het vreedsaam betoog teen die implementering van die omsendbrief.
  - ➢ Polisie se reaksie op studentebetogings – Hector Petersen, 'n 13-jarige seun was een van die eerste slagoffers van hierdie opstand.
- Mobilisering/bemagtiging deur gemeenskapsprogramme
  - ➢ Biko se verbanning na King Williams Town het gelei tot verskuifde fokus na gemeenskapsprogramme.
  - ➢ Mamphele Ramphele se verbanning na Tzaneen.
  - ➢ Swartbewussyn het onafhanklikheid van blankes bevorder deur Swart Gemeenskapsprogramme om swartes sonder wit bystand te ondersteun. (Zanempilo Health Clinic/Ginsburg Educational Trust/Zimele Trust Fund/Solepilo Community Health Centre/Ithuseng Community Health Program and Winter School Projects).
- Mobilisasie/bemagtiging deur arbeid
  - ➢ Werkers gemobiliseer om vakbonde te stig.
  - ➢ Swartbewussyn het gelei tot die stigting van die Black Allied Workers Union (BAWU) – werkerstakings in Durban in 1973).
- Dood van Biko (1977) in polisie-aanhouding.
- 19 Oktober 1977 –verbod teen 19 organisasies wat in lyn is met Swartbewussyn
- Mobilisasie deur media
  - ➢ Media wat die Swartbewussyn -filosofie goedgesind was, bv. *The World* en *The Weekend World* koerante, was gesluit.

(Enige ander relevante antwoord)

**SLOT:**

Kandidate moet hul argument met 'n relevante gevolgtrekking verbind. **[50]**

Downloaded from testpapers.co.za



## VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

*[Beplan en konstrueer 'n argument gebaseer op bewyse deur analitiese en interpretatiewe vaardighede te gebruik]*

**SINOPSIS**

Kandidate moet krities bespreek hoe leierskap en kompromieë wat deur verskillende politieke organisasies gemaak is, demokrasie in SA teweeggebring het in die onderhandelinge wat tussen 1990 – 1994 plaasgevind het.

**HOOFASPEKTE**

Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

**INLEIDING**

Kandidate moet krities bespreek hoe leierskap en kompromieë deur verskillende politieke organisasies die verskillende uitdagings hanteer het wat gelei het tot die breuk in die onderhandelingsproses en watter politieke rolspelers die situasie gered het. Hulle moet ook aandui hoe hulle hul argumentslyn gaan ondersteun.

**UITBREIDING**

**1989**
- De Klerk kom aan bewind

**1990**
- 2 Februarie 1990 toespraak (leierskap)
- Mandela uit die tronk vrygelaat
- Ontbanning van die politieke en burgerlike organisasies
- Groote Schuur Minuut (Gesprekke tussen ANC en NP)
- Geweld in die Vaaldriehoek
- Pretoria Minuut (kompromie)

**1991**
- Vergadering van politieke partye – KODESA 1 (20 Desember 1991)
- Verklaring van voorneme - kompromie
- Voortdurende geweld op pendeltreine aan die Rand

**1992**
- Slegs blankes referendum (1992) (De Klerk leierskap)
- KODESA 2 (2 Mei 1992)
- Boipatong-slagting en die gevolge daarvan (17 Junie 1992)
- Rollende massa-optrede deur anti-apartheidsorganisasies om De Klerk se regering te dwing om met integriteit te onderhandel. (toets leierskap)
- Bhisho-slagting (Gqozo) en die uitwerking daarvan op die proses van onderhandelinge (7 September 1992)
- Rekord van verstandhouding – Meyer en Ramaphosa (leierskap, kompromie)

Downloaded from testpapers.co.za



**1993**
- Veelparty-onderhandelingsforum – Regter vleuel aanval van die Wêreldhandelsentrum
- APLA moorde – St James Church. Heidelberg Tavern, moord op Amy Biehl
- Sonsondergangsklousule ingelei deur Joe Slovo (kompromie, leierskap)
- Sluipmoord op Chris Hani (10 April 1993) en impak op Suid-Afrika
- Datum vir die eerste demokratiese verkiesings vasgestel

**1994**
- Verkiesing op 27 April 1994 en uitslag van verkiesings
- Regering van Nasionale Eenheid – met Mandela van die ANC as president en twee adjunkte (een van NP, een van die ANC)
- Geweld van 1994 – Shell House-slagting, Bophuthatswana-moorde, geweld op die vooraand van verkiesings en verkiesingsdag
- Mandela as die eerste swart president verkies

**SLOT**

Kandidate moet hul argument met ŉ relevante gevolgtrekking verbind.

**VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN ŉ NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989**

*[Beplan en konstrueer ŉ oorspronklike argument gebaseer op relevante bewyse deur analitiese en interpretatiewe vaardighede te gebruik]*

**SINOPSIS**

Kandidate moet verduidelik in watter mate die val van die Berlynse Muur in 1989 en die daaropvolgende ineenstorting van kommunisme die weg gebaan het vir die Nasionale Party en die African National Congress om samesprekings te begin. Hulle moet verwys na die relevante gebeure wat die politieke situasie in Suid-Afrika tussen 1989 en 1990 verander het.

**HOOFASPEKTE**

Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

**INLEIDING**

Kandidate moet ŉ standpunt inneem en aandui tot watter mate die val van die Berlynse Muur die weg gebaan het vir beide die Nasionale Party en die African National Congress om samesprekings met mekaar te begin en hoe hierdie samesprekings gelei het tot politieke veranderinge in Suid-Afrika.

Downloaded from testpapers.co.za



**UITBREIDING**

- Die Sowjetunie het teen die einde van 1989 gedisintegreer (Glasnost en Perestroika).
  - Kort agtergrond
- Die Sowjetunie is nie meer as ŉ supermoondheid beskou nie.
- Kommunisme is nie meer as ŉ 'globale bedreiging' gesien nie.
- Die val van die Berlynse Muur in 1989 en die impak daarvan.
- Veranderinge in die wêreldpolitiek en die impak daarvan op Suid-Afrika se apartheidshervormings.
- Die apartheidsregime kon nie meer kommunisme gebruik om sy beleid van rassesegregasie te regverdig nie.
- Die Nasionale Party se bewering dat hy Suid-Afrika teen ŉ kommunistiese aanslag beskerm, het onrealisties geword.
- Die VSA en sy bondgenote kon nie meer voortgaan om die apartheidsregime te ondersteun nie.
- Die ineenstorting van die USSR het ook die ANC beïnvloed om sy standpunt te verander.
- Die ANC het ekonomiese en ideologiese uitdagings ervaar.
- Die ineenstorting van die Sowjetunie het druk op beide die Nasionale Party en die ANC geplaas om met onderhandelinge te begin.
- Eksterne steun vir beide die Nasionale Party en die ANC was besig om te vervaag en onderhandelinge het gelyk na die beste opsie vir beide kante.
- Die Slag van Cuito Cuanavale het die Nasionale Party aangespoor om met die kommuniste te begin onderhandel oor die onafhanklikheid van Namibië, het dit vir hulle makliker gemaak om met die ANC te praat.
- Die westerse wêreld het die stap ondersteun dat Suid-Afrika sy probleme vreedsaam en demokraties moet oplos.
- Dit het duidelik geword dat die Nasionale Party-regering nie wit oppergesag vir onbepaalde tyd kon handhaaf nie.
- Invloedryke Nasionale Party-lede het begin besef dat apartheid nie die antwoord op die behoeftes van wit kapitalistiese ontwikkeling was nie.
- Daar was geen twyfel dat die voortgesette onderdrukking van swart Suid-Afrikaners politieke stabiliteit sou verseker nie.
- Die regering het begin glo dat hervorming die ontwikkeling van ŉ sterk swart middelklas moet insluit wat as ŉ "bolwerk" (buffer) teen revolusie sal optree.
- Die veiligheidsmagte en noodtoestande het nie township-opstande gekeer nie.
- Teen die laat 1980's was die Suid-Afrikaanse ekonomie in ŉ toestand van depressie.
- PW Botha het ŉ beroerte gehad en is opgevolg deur FW de Klerk.
- FW de Klerk het begin aanvaar dat die swart stryd teen apartheid nie ŉ sameswering was wat vanuit Moskou gerig is nie.
- Dit het De Klerk in staat gestel om met die bevrydingsorganisasies in gesprek te tree om ŉ blywende oplossing vir Suid-Afrika te vind.

Op 2 Februarie 1990 het De Klerk die ontbanning van alle anti-apartheidsorganisasies aangekondig wat die weg gebaan het vir samesprekings wat tot die einde van apartheid gelei het.
(Enige ander relevante antwoord)

**SLOT**

Kandidate moet hul argument met ŉ relevante gevolgtrekking verbind.

**[50]**

**TOTAAL: 150**